FARM·AG

# GLYPHOSATE 360

Reg. No. / Nr L4774 Act No. 36 of 1947/ Wet Nr 36 van 1947

## HERBICIDE

**READ THE LABEL AND ATTACHED PACKAGED LEAFLET BEFORE USE**
**KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

| HRAC HERBICIDE GROUP CODE | 9 | HRAC ONKRUIDDODERGROEP KODE |
|---|---|---|

A non-selective post-emergence herbicide for annual and perennial weeds as indicated on the label.

'n Nie-selektiewe sistemiese naopkomonkruiddoder oplossing vir die beheer van eenjarige en meerjarige onkruide soos op etiket aangedui.

**ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL:**
Glyphosate (isopropylamine salt)..............................360 g/ℓ.........................Glifosaat (isopropielamiensout)



**DANGER**

**Hazard Statements:**
May be harmful if swallowed.
Causes severe skin burns and eye damage.
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

**Precautionary Statements:**
IF SWALLOWED: Call a poison center or doctor if you feel unwell.
Rinse mouth.
Do NOT induce vomiting.
IF ON SKIN (or hair): Take off immediately all contaminated clothing.
Rinse skin with water/shower.
IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes.
Immediately call a poison center or doctor.

Batch No:
D.O.M:
D.O.E:
Net Mass:
See reverse of packaging for details.

FOR FULL PARTICULARS SEE ATTACHED PAMPHLET.
VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE KYK AANGEHEGTE ETIKET.

**UN No. / VR Nr: 3082**

**Poison Information Helpline (24 hrs): 0861 555 777**

FARM·AG

**REGISTRATION HOLDER/ REGISTRASIEHOUER**
Castle Ag-Chem (Pty) Ltd.
Reg. Nr.: 2007/033120/07
PO Box 1523, Durban, 4000
Tel: 031 003 3486

BARCODE

100533

165(H) x 140(W) mm CYAN MAG YEL BLK 100533

## WARNINGS

**Hazard Statements:**
May be harmful if swallowed. Causes severe skin burns and eye damage. Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

- **FARMAG GLYPHOSATE 360** can be corrosive to zinc-lined spray tanks and other metal equipment. Thoroughly wash all spray equipment after use. Do not mix, store or apply **FARMAG GLYPHOSATE 360** solutions in galvanised steel or unlined steel (except stainless steel) containers or spray tanks. **FARMAG GLYPHOSATE 360** can react with such containers to produce hydrogen gas which may form a highly combustible and explosive gas mixture.
- **Re-entry Interval:** do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.
- **Aerial application:** notify all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warnings.

**DISCLAIMER:**
**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or the lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.**

## PRECAUTIONS

**Precautionary Statements**
**General:** If medical advice is needed, have product container or label at hand. Keep out of reach of children. Read label before use.
**Prevention:** Do not breathe vapours, spray. Wash hands, forearms and face thoroughly after handling. Avoid release to the environment. Wear protective gloves/protective clothing/eye protection/face protection.
**Response:** IF SWALLOWED: rinse mouth. Do NOT induce vomiting. IF ON SKIN (or hair): Take off immediately all contaminated clothing. Rinse skin with water/shower. IF INHALED: Remove person to fresh air and keep comfortable for breathing. IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes. Remove contact lenses, if present and easy to do. Continue rinsing. Immediately call a poison center or doctor. Call a poison center or doctor if you feel unwell. Specific treatment (see supplemental first aid instruction on this label). Wash contaminated clothing before reuse. Collect spillage.
**Storage:** Store locked up.
**Disposal:** Dispose of container to an approved waste disposal plant.

- Prevent spray drift and/or contamination onto susceptible or edible crops, grazing or any other areas not under treatment, as this may cause serious crop damage.
- **FARMAG GLYPHOSATE 360** is actively absorbed through immature bark and leaves of most plants and trees. Contact with immature bark, such as in trees younger than about four years, can result in serious localised or translocated damage. THEREFORE CONTACT WITH LEAVES, GREEN OR IMMATURE BARK AND FRUIT OF DESIRED PLANTS, WHETHER DIRECT OR BY SPRAY DRIFT, MUST BE AVOIDED.
- Prevent contamination of food, drinking water and eating utensils.
- **TRIPLE RINSE the empty container as follows:** Invert the empty container over the spray or mixing tank and drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to dripping. Thereafter rinse the empty container three times in succession with one quarter of the container volume fresh water and decant the rinsate into the spray or mixing tank. Puncture the triple rinsed container and dispose of via an approved collector or recycler (www.croplife.co.za). Do not bury, burn or donate the container to any other parties that may use it as a container for food or beverages.
- Destroy empty container by perforation, flattening and burying. Do not use for any other purpose.

## RELEVANT SUBSTANCES

| NAME | PRODUCT IDENTIFIER |
|---|---|
| Glyphosate TC | CAS-No.: 1071-83-6 |
| N-Polyoxethylated-N-tallow-alkylamine | CAS-No.: 61791-26-2 |

**RESISTANCE WARNING**
For resistance management **FARMAG GLYPHOSATE 360** is a group code 9 herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **FARMAG GLYPHOSATE 360** and other group code 9 herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **FARMAG GLYPHOSATE 360** or any other group 9 herbicides.

To delay herbicide resistance:
1. Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank mix with products from different herbicide codes.
2. Integrate control methods (chemical, cultural and biological) into weed control programs.

For specific information on resistance management contact your local distributor.

**MODE OF ACTION:**
Inhibits 5-enolpyruvylsshikimate-3-phosphate synthase (EPSPS), an enzyme of the aromatic acid biosynthetic pathway. This prevents synthesis of essential aromatic amino acids needed for protein biosynthesis. Non-selective systemic herbicide, absorbed by the foliage, with rapid translocation throughout the plant.

**DIRECTIONS FOR USE:** Use as directed.

**General information**

- **FARMAG GLYPHOSATE 360** is a non-selective systemic herbicide, being active ONLY when applied post-emergence to the foliage and green bark of plants.
- Action is slow – maximum killing effect is only visible from two weeks after application onwards.
- Apply when weeds are growing vigorously in spring and summer, or in autumn in the case of difficult to control perennial weeds, when weeds are actively translocating nutrients into roots, bulbs, rhizomes and stolons (See recommendations marked * in list of weeds controlled).
- It is essential to spot spray regrowth of weeds as recommended to prevent re-infestation of the treated area.
- Irrigation a few days prior to application of **FARMAG GLYPHOSATE 360** ensures that weeds are growing actively, resulting in optimum efficacy.
- Do NOT spray whilst the weeds are wet.
- Do NOT spray on dormant weeds nor weeds under temperature or moisture stress.
- Rain or irrigation within 6 hours of application can reduce **FARMAG GLYPHOSATE 360** efficacy on weeds.
- Do NOT spray on weed foliage covered with a layer of dust. In these situations, apply after a recent rain, but ensure that weeds have dried before spraying.
- Pesticide run-off onto weeds treated with **FARMAG GLYPHOSATE 360** in orchards can adversely affect the herbicide's activity. Do NOT spray pesticides within 12 hours of a **FARMAG GLYPHOSATE 360** application.
- **FARMAG GLYPHOSATE 360** has NO pre-emergence activity, therefore repeat applications are necessary to control weeds germinating from seed.
- Ensure that target weeds are fully exposed to the **FARMAG GLYPHOSATE 360** spray. In mixed weed situations (annuals in amongst the problem perennials) mow or spray out annuals; wait for vigorous regrowth of perennials and then spray.
- Under certain conditions the addition of a surfactant may be advantageous.

**Compatibility**
**FARMAG GLYPHOSATE 360** is incompatible with most pesticides and agricultural chemicals. Do NOT tank mix with other chemicals except buffers or ammonium sulphate.

**Application information**
**FARMAG GLYPHOSATE 360** can be applied in spray volumes up to 600 ℓ/ha. Various types of equipment are suitable for **FARMAG GLYPHOSATE 360** applications, such as tractor mounted booms, knapsack sprayers, mistblower and aerial application.
- Always ensure that spray equipment is clean and free of rust and dust.
- Remove sediments e.g. residues of wettable powder pesticides, from spray tanks before adding **FARMAG GLYPHOSATE 360**.
- Always use clean water. Avoid the use of brack or muddy water, or water with a high colloidal content derived from soils high in organic matter. Where alkaline hard water occurs a buffer should be added according to label recommendations.
- Correctly calibrate all sprayers under field conditions.

• In situations where drift may be hazardous, use low pressures of 100 to 200 kPa or low drift nozzles when spraying.
• It is not necessary to spray to the point of run off, but essential to ensure complete coverage of the target weed. REMEMBER – A FINE EVEN DROPLET DISTRIBUTION ON THE TARGET WEED IS ESSENTIAL FOR GOOD RESULTS.

**Aerial application**
• Apply a total mixture rate of 30-50 ℓ/ha, avoiding drift.
• Drift can be controlled by:
(1) addition of drift reducing agents;
(2) use of special low drift nozzles.
• Do NOT spray when wind speed exceeds 10 km/h and/or relative humidity is less than 40%. VDM should be between 300 to 400 micron.

**Surfactants / additives**
For optimum results, a minimum of 1,5 % **FARMAG GLYPHOSATE 360** solution in the total spray volume is recommended. Where the **FARMAG GLYPHOSATE 360** concentration is less than 1,5 % of the total spray volume, it is recommended to add surfactant to the spray volume. An alternative to surfactants is ammonium sulphate dissolved in the spray water at 2,0 kg/100 ℓ spray volume (2 %).

**Control of perennial and noxious invader weeds**

Application timing (T) is coded
Perennial grasses, and perennial broadleaf weeds and sedges controlled by **FARMAG GLYPHOSATE 360**

ES=Early Spring    A=Autumn
S= Summer    W=Winter

**Percentage sprays are based on the following:**

1. Knapsack sprayer delivering 200 ℓ/ha.
2. Mistblower delivering 150 ℓ/ha.
3. For greater volumes than 1 and 2 above, adjust percentages accordingly up to a maximum of 600 ℓ/ha.
4. Percentage spray recommendations always refer to a % spray made up of litres of **FARMAG GLYPHOSATE 360** in 100 ℓ water, e.g. 1,5 % solution = 1,5 ℓ **FARMAG GLYPHOSATE 360** in 100 ℓ water.

| WEED NAME | T | RATE ℓ/ha | REMARKS |
|---|---|---|---|
| Bug weed *Solanum mauritianum* | S/A | 2,0 | Or 1,5 % solution. Large trees: cut back stems to ± 20 cm from soil level. Wait until regrowth is knee height before spraying. Spray seedlings up to 1m high using a 0,5% solution. Spray seedlings only: bipinnate leaf stage - 2,0 ℓ/ha; seedlings up to 60cm high - 4,0 ℓ/ha. |
| Port Jackson willow *Acacia saligna* | A/ES | | Or 1,5 % solution. Or 3,0 % solution as a cut stump treatment. Apply immediately after cutting to the cambium region. |
| Weeping love grass *Eragostis curvula* | S | | Or 1,5 % solution. |
| Wild grain sorghum *Sorghum bicolor* | S/A | | Or 1,5 % solution. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Black wattle<br>*Acacia mearnsii* | S | 3,0 | Or 1,5 % solution. Spray wattle up to 1m in height (knapsack sprayer) |
| Ink Berry<br>*Phytolacca heptandra* | S | | Or 1,5 % solution (knapsack sprayer) |
| Mauritius thorn<br>*Caesalpinea decapetula* | S | | Or 1,5 % solution (knapsack sprayer). |
| Plaintain<br>*Plantago lanceolate* | ES | | Apply before flowering only. |
| Sesbania<br>*Sesbania punicea* | ES | | Apply 1,5 % solution to seedling plants up to 1 m high. Taller shrubs apply 2,0 % solution. For shrubs and/or tall trees slash and spray regrowth with 1,5 to 2,0 % solution when 1 m high. |
| Small mallow<br>*Malva parviflora* | ES | | Apply before flowering only. |
| Sorrel<br>*Rumex spp* | ES | | Apply before flowering only. |
| Johnson grass<br>*Sorghum halepense* | S/A | 4,0 | Or 1,5% solution. Follow up spray on regrowth using 3 ℓ/ha or spot spray using 1,5 % solution. |
| Kikuyu<br>*Pennisetum clandestinum** | S | | Apply on active growth during summer. Spray regrowth using 3 ℓ/ha or spot spray using 1,5 % solution. |
| Nassella tussock grass<br>*Nassella trichotoma* | W | | Apply using high volume application 400 ℓ/ha total mixture. Spot spray regrowth in early spring with a 2 % solution. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| American bramble<br>*Rubus spp* | A/S | 6,0 | Or spray using 3 % solution (knapsack sprayer) or 4 % solution (mistblower). |
| Buffalo or Ubabe grass<br>Panicum maximum | S | | Follow up spray on regrowth using 3 ℓ/ha or spot spray using 1,5 % solution. |
| Bush buffalo grass<br>*Setaria megaphylla* | A/S | | Or spray using 3 % solution (knapsack sprayer) or 4 % solution (mistblower). |
| Common quick grass<br>*Cynodon dactylon** | A/S | | Apply in autumn and follow up in summer on active regrowth using 4 ℓ/ha or spot spray with 2,0 % solution or apply in summer and follow up in autumn. |
| Common reed<br>*Phragmites australis* | A | | Or spray using 3 % solution (knapsack sprayer) or 4 % solution (mistblower). Apply at 20 – 30 % flowering stage. Regrowth should be slashed and the following regrowth treated when it is ± 45 cm high. |
| Common paspalum<br>*Paspalum dilatatum* | | 6,0 | Apply at flower but before seeds are shed, follow up on regrowth using 3 ℓ/ha or spot spray using 1,5 % solution. |
| Field bindweed<br>*Convolvulus Arvensis* | S | | Apply at beginning of flowering. Follow up using 1,5 % solution on regrowth, should this be necessary. |
| Lantana<br>*Lantana camara* | A/S | | Or spray using 3 % solution (knapsack sprayer) or 4 % solution (mistblower). |
| Purple nutsedge<br>*Cyperus rotundus* | S | | Apply at flowering (in orchard crops), spray re-growth with 3 ℓ/ha or spot spray using 1,5 % solution (Feb/Mar). |
| Yellow nutsedge<br>*Cyperus esculentus* | S | | Apply at flowering (in orchard crops), spray re-growth with 3 ℓ/ha or spot spray using 1,5 % solution (Feb/Mar) |
| Couch paspalum<br>*Paspalum paspaloides* | S | 8,0 | Apply at flowering but before seed shed. Follow up spray on regrowth 4 ℓ/ha or spot spray with 2 % solution. |
| Eupatorium<br>*Chromolaena odorata* | S/A | | Slash established plants and allow to re-grow to 50–120cm. Spray at 1,0 ℓ per 100 ℓ spray volume (i.e. 1,0 %) to give complete droplet cover of foliage. Previously slashed multistem plants may require a follow-up treatment. |
| Prickly pear<br>*Opuntia ficus-indica* | | | Apply 2 mℓ of a 33 % **FARMAG GLYPHOSATE 360** solution into each 4- 12 premade holes in the stem of trees with 20–250 cladodes. Consult your representative for more detailed information. |

**Non-crop and industrial use**

Generally 6,0–10,0 ℓ/ha will provide acceptable control of most annual and perennial weeds. Spot spraying of regrowth with a 1,5 % solution may be necessary. For specific weeds, refer above.

**Specific crop recommendations**

Prevent spray and spray mist contact with leaves, green and young bark of stems as well as fruit of crops. Spray contact with mature bark on tree stems will not result in crop injury. Allow 10 days after pruning, or the removal of low branches and/or suckers before spraying weeds in perennial crops.

| CROP | DOSAGE ℓ/ha | REMARKS |
|---|---|---|
| Apples, Apricots,<br>Avocados,<br>Bananas, Citrus,<br>Guava, Mangoes,<br>Nectarines,<br>Peaches, Pears,<br>Plums, Prunes, | **Annual weeds**<br>1,0 - 3,0 ℓ/ha<br>**Perennial weeds**<br>See specific rate in the above table | **Dosage rate:** use the higher rate on mature weeds.<br><br>**Young trees with green bark (generally younger than 4 years):** shield stems from spray contact. Bananas: protect suckers and green stems from spray contact.<br>Application can be made to nursery and mature plants. |
| Deciduous fruit and grapevines | **Summer rainfall area:**<br>**Annual weeds:**<br>1,0 - 3,0 ℓ/ha<br><br>**Perennial weeds**<br><br>See specific rate in the above table<br><br>**Winter rainfall area:**<br>**Annual weeds**<br>See above<br>**Perennial weeds**<br>9,0 ℓ/ha<br><br>9,0 ℓ/ha<br><br>4,0 ℓ/ha | **Dosage rate:** use the higher rate on mature weeds. **Young trees with green bark:** shield stems from spray contact.<br><br>**Vines:** apply only to vines older than 2 years. Apply before bud burst as a spray directed on weeds.<br><br>**Bush and low trellised vines under 60 cm high:** Apply pre-bud burst in spring,<br><br>*Paspalum paspaloides* (Couch paspalum)<br><br>*Cynodon dactylon* (Common quick grass)<br><br>Pennisetum clandestinum (Kikuyu)<br>For perennial weed control in the winter rainfall area, apply in autumn after 75 % natural leaf drop but before the first frosts. |
| Arable crop land:<br><br>Before planting of crop<br><br>Forestry | **Annual weeds**<br><br>1,0 - 3,0 ℓ/ha<br>**Perennial weeds**<br><br>See recommendations under weed species. | Use **FARMAG GLYPHOSATE 360** after harvesting of previous crop and prior to emergence of new crop.<br>**Dosage rate:** use the higher rates on annual weeds exceeding the 12 leaf stage. For Coyza spp (horseweed) spray 2-3 ℓ/ha. Use the higher dose<br>on well established plants.<br><br>For the establishment of firebreaks, either total or tracer lines.<br>Replace trace lines in virgin veld.<br>Wattle re-establishment.<br>Control of noxious and problem weeds |

| | | |
|---|---|---|
| Sugar cane eradication (minimum tillage) | 8,0 - 10,0 ℓ/ha<br><br><br><br><br><br>10 % solution<br><br><br>2 % solution | **FARMAG GLYPHOSATE 360** will effectively kill last ratoon sugar cane after it has been harvested and allowed to re-grow height of ± 45 cm, when tillering is complete, and then treated with **FARMAG GLYPHOSATE 360**. Spray actively growing sugar cane when tillers have emerged using 100 – 400 ℓ water/ha.<br>Regrowth can be removed by hand. Contact your distributor for detailed information on all aspects of minimum tillage before spraying.<br>For the spot eradication of diseased (e.g. smut) and off type cane stools. Apply as a directed spray on the target plant foliage.<br><br>For spot spraying around fields, telephone poles, etc. |

**WAARSKUWINGS:**

**Gevaarstellings:** Kan skadelik wees indien ingesluk. Veroorsaak ernstige velbrandwonde en oogskade. Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

• **FARMAG GLYPHOSATE 360** mag 'n invretende werking hê op spuittenks met 'n sinkvoering en ander metaaltoerusting. Was spuittoerusting deeglik na gebruik. **FARMAG GLYPHOSATE 360** en **FARMAG GLYPHOSATE 360** oplossings moet nie gestoor, gemeng of toegedien word in gegalvaniseerde staal of ongevoeringde houers (behalwe vlekvrye staal) of spuittenke nie. 'n Chemiese reaksie kan plaasvind tussen **FARMAG GLYPHOSATE 360** en hierdie houers wat vorming van waterstofgas kan veroorsaak wat 'n hoogs vlambare en plofbare gasmengsel kan vorm.
**Herbetredingsinterval:** Moet nie behandelde area betree voordat spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende klere gedra word.
**Lugtoediening:** stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit sal word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer in geval van enige onsekerheid.**

**VOORSORGMAATREËLS:**

**Voorsorgstellings**
**Algemeen:** Indien mediese advies benodig word, hou produkhouer of etiket byderhand. Hou buite bereik van kinders. Lees etiket voor gebruik.
**Voorkoming:** Moet nie dampe, sproei inasem nie. Was hande, voorarms en gesig deeglik na hantering. Vermy vrylating na die omgewing. Dra beskermende handskoene/beskermende klere/oogbeskerming/gesigbeskerming.
**Reaksie:** INDIEN INGESLUK: Spoel mond uit. MOET NIE braking veroorsaak nie. INDIEN OP DIE VEL (of hare): Trek onmiddellik alle gekontamineerde klere uit. Spoel vel uit met water/stort. INDIEN INGESAEM: Verwyder persoon na vars lug en hou gemaklik om asem te haal. INDIEN IN OË: Spoel versigtig uit met water vir 'n paar minute. Verwyder kontaklense, indien teenwoordig en maklik om te doen. Gaan voort met spoel. Bel dadelik 'n gifsentrum of dokter. Bel 'n gifsentrum of dokter as jy onwel voel. Spesifieke behandeling (sien aanvullende noodhulpinstruksies op hierdie etiket). Was gekontamineerde klere voor hergebruik. Versamel gemors.
**Berging:** Stoor toegesluit.
**Wegdoening:** Gooi houer na 'n goedgekeurde afvalverwyderingsaanleg.

Voorkom wegdrywing van sproei en/of besoedeling van gevoelige of eetbare gewasse, weiding, en enige ander gebiede wat nie met die middel behandel word nie aangesien dit gewasskade kan veroorsaak.

- **FARMAG GLYPHOSATE 360** word geabsorbeer deur onvolwasse bas en die blare van meeste plante en bome. Kontak met dele wat nie volwasse bas op die hoofstam het nie, soos in bome jonger as 4 jaar, kan ernstige gelokaliseerde en getranslokeerde skade veroorsaak. KONTAK MET BLARE, GROEN OF ONVOLWASSE BAS EN VRUGTE DEUR DIREKTE KONTAK OF SPROEI MOET VERMY WORD.
- Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- **SPOEL die leë houer DRIEKEER UIT soos volg:** Keer die leë houer om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir ten minste 30 sekondes nadat die vloei tot drup verlangsaam het. Spoel die leë houer daarna drie keer agtereenvolgens uit met een kwart van die houervolume vars water en gooi die spoelwater in die spuit- of mengtenk. Prik die drievoudig uitgespoelde houer deur en gooi weg via 'n goedgekeurde versamelaar of herwinner (www.croplife.co.za). Moet nie die houer begrawe, verbrand of skenk aan enige ander partye wat dit as 'n houer vir kos of drank kan gebruik nie.
- Vernietig leë houer deur gate daarin te maak, plat te druk en te begrawe. Moet nie vir enige ander doel gebruik nie.

**RELEVANTE STOWWE**

| NAAM | PRODUK IDENTIFISEERDER |
|---|---|
| Glifosaat TS | CAS-Nr.: 1071-83-6 |
| N-Polyoxethylated-N-talk-alkielamien | CAS-Nr.: 61791-26-2 |

**WEERSTANDIGHEIDSWAARSKUWING:**
**FARMAG GLYPHOSATE 360** is ’n groepkode 9 onkruiddoder. Enige populasie van ’n spesifieke onkruid mag individue insluit wat ’n natuurlike weerstand teen **FARMAG GLYPHOSATE 360** of enige ander groepkode 9 onkruiddoders het. Indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal waarskynlik nie deur **FARMAG GLYPHOSATE 360** of enige ander groepkode 9 onkruiddoder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruiddoders te vertraag:
1. Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruiddoders met dieselfde groepkode. Wissel af met of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruiddodergroepkodes.
2. Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing en biologies) in Onkruiddoderprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak u plaaslike verspreider.

**WYSE VAN AKSIE**
Inhibeer 5-enolpiruvylsshikimate-3-phosphate sintase (EPSPS), ’n ensiem van die aromatiese suur biosintetiese pad. Dit verhoed die sintese van essensiële aromatiese aminosure wat nodig is vir proteïenbiosintese. Nie-selektiewe sistemiese onkruiddoder, geabsorbeer deur die blare, met vinnige translokasie deur die plant.

**GEBRUIKSAANWYSINGS:** Gebruik alleenlik soos aangedui.

**Algemene inligting:**
- **FARMAG GLYPHOSATE 360** is ’n nie-selektiewe sistemiese onkruiddoder wat SLEGS aktief is indien dit na-opkom aan groen loof en groen bas van plante toegedien word.
- **FARMAG GLYPHOSATE 360** werk stadig en die volle effek daarvan mag eers 2 weke en langer na toediening sigbaar word.
- Dien toe op lowerryke, aktief-groeiende onkruide gedurende lente en somer of in die herfs wanneer onkruide in ’n aktief translokerende stadium is wanneer plantvoedingstowwe besig is om af te beweeg na wortels, knolle, wortelstokke of uitlopers (sien aanbevelings met ’n * gemerk in die lys van onkruidsoorte wat beheer word).
- Dit is nodig om ’n kolbehandeling op hergroei van onkruide uit te voer om herinfestasie van die behandelde gebied te voorkom.
- Besproeiing ’n paar dae voor toediening van **FARMAG GLYPHOSATE 360** sal verseker dat die onkruide aktief sal groei met die gevolg dat optimale beheer verkry word.
- MOET NIE spuit as die onkruide nat is nie.
- MOET NIE spuit op onkruide wat alreeds in ’n rustoestand is of plante wat onder temperatuur- of vogstres verkeer nie.
- Reën of besproeiing binne 6 ure na toediening van **FARMAG GLYPHOSATE 360** mag die effektiwiteit daarvan op onkruide verminder.
- Swaar stofbedekte onkruidblare sal die doeltreffendheid van **FARMAG GLYPHOSATE 360** benadeel indien dit daarop toegedien word. Dien **FARMAG GLYPHOSATE 360** slegs toe nadat stof deur reën afgewas is en plante droog is.
- Plaagbeheermiddels wat in boorde toegedien word en dan afloop op **FARMAG GLYPHOSATE 360** behandelde onkruid binne 12 uur na die toediening, kan die werking van die onkruiddoder benadeel.
- Aangesien **FARMAG GLYPHOSATE 360** min of geen vooropkom-aktiwiteit op onkruide het nie, sal herhaalde toedienings nodig wees (wanneer dit alleen aangewend word) om seisoenlange beheer te verseker.
- Verseker dat voldoende blaaroppervlakte aan die **FARMAG GLYPHOSATE 360** bespuiting blootgestel word. In gevalle waar een- en meerjarige onkruide albei ’n probleem is, verwyder eers die eenjarige onkruide chemies of meganies. Wag dan tot die meerjarige onkruid weer aktief groei voordat **FARMAG GLYPHOSATE 360** toegedien word.
- Onder sekere toestande mag die byvoeging van ‘n bevorderingsmiddel voordelig wees.

**Verenigbaarheid:**
**FARMAG GLYPHOSATE 360** is nie verenigbaar met die meerderheid plaagdoders en landbouchemikalieë nie. Moet nie meng met ander middels nie behalwe met ’n buffer of ammoniumsulfaat.

**Toedieningsinligting:**
**FARMAG GLYPHOSATE 360** kan toegedien word in spuitvolumes tot en met 600 _/ha. Verskeie tipes van spuittoerusting is geskik vir **FARMAG GLYPHOSATE 360** toedienings soos trekkergemonteerde spuite, rugsakspuite, newelblasers en lugtoediening.

- Maak altyd seker dat spuittoestel skoon en vry van roes en stof is.
- Verwyder aanpaksels van benatbare poeiers uit spuittenke voordat **FARMAG GLYPHOSATE 360** daarin gemeng word.
- Gebruik altyd skoon water. Voorkom die gebruik van brak- of modderige water asook water met 'n hoë kolloïdale inhoud afkomstig van grond ryk in organiese materiaal. Waar alkaliese en/of hardewater voorkom, word die byvoeging van 'n buffer volgens etiketaanbevelings aanbeveel.
- Gebruik spuittoerusting wat korrek en akkuraat gekalibreer is.
- In situasies waar die wegdryf van die spuitnewel gewenste plante kan beskadig moet 'n lae druk van tussen 100–200 kPa of spuitpunte wat newelwegdrywing sal beperk, gebruik word.
- Dit is nie nodig om **FARMAG GLYPHOSATE 360** toe te dien tot die punt van afloop nie.
  Verseker liewer 'n egalige plantbedekking. ONTHOU - 'N FYN EGALIGE DRUPPELVER-SPREIDING OP ONKRUIDE IS NOODSAAKLIK VIR GOEIE RESULTATE.

**Lugtoediening:**

- Wend 'n totale mengsel van 30 – 50 _ / ha toe en vermy spuitnewel
- Drift kan beheer word deur: (1) Die byvoeging van drif reduseermiddels; (2) gebruik van spesiale lae drywing lugbespuiting spuitneuse.
- Moet nie spuit wanneer windspoed 10 km / h en / of relatiewe humiditeit minder as 40 %.
- VDM moet tussen 300 tot 400 mikron.

**Bevorderingsmiddels:** Vir die beste resultate word 'n minimum van 1,5 % **FARMAG GLYPHOSATE 360** oplossing per totale spuitvolume aanbeveel. Waar die **FARMAG GLYPHOSATE 360** konsentrasie minder is as 1,5 % van die totale spuitvolume, word dit aanbeveel om 'n bevorderingsmiddel by die spuitmengsel te voeg. Alternatief kan ammoniumsulfaat teen 2,0 kg/100 _ spuitmengsel bygevoeg word (2 %).

**Beheer van meerjarige en indringeronkruide:**

Meerjarige grasse en breëblaaronkruid wat deur **FARMAG GLYPHOSATE 360** beheer word.
VL = Vroeë lente H = Herfs
S = Somer W = Winter T = Tyd van toediening.

**Persentasie bespuitings word op die volgende gebaseer:**

1. Rugsakspuit wat 200 _/ha lewer.
2. Newelblasers wat 150 _/ha lewer.
3. As groter volumes water gebruik word as in 1 en 2 hierbo, verander die persentasie oplossing ooreenkomstig tot en met 600 _ per ha.
4. Persentasie bespuiting aanbevelings verwys na 'n oplossing van **FARMAG GLYPHOSATE 360** in 100 L water bv. 1,5 % oplossing is gelyk aan 1,5 L **FARMAG GLYPHOSATE 360** in 100 L water.

| ONKRUID | T | DOSIS ℓ/ha | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|
| Luisboom<br>*Solanum mauritanium*<br><br>Port Jackson<br>*Acacia saligna* | S/H<br><br><br>H/VL | 2,0 | Of 1,5 % oplossing. Groot bome: kap ± 20 cm bokant grond oppervlakte af. Spuit hergroei by kniehoogte.<br>Spuit saailinge tot by 1 m hoog met 0,5 % oplossing.<br>Dien toe slegs op saailinge: tweeblaarstadium teen 2,0 l/ha; saailinge tot 60 cm hoog 4,0 l/ha.<br>Of 1,5 % oplossing.<br>Of 3,0 % oplossing as 'n stompbehandeling. Dien onmiddellik na afkap op die kambium area toe. |
| Oulangsgras<br>*Eragostis curvula*<br>Wilde graansorghum<br>*Sorghum bicolor* | S<br><br>S | 2,0 | Of 1,5 % oplossing.<br><br>Of 1,5 % oplossing. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Swartwattel<br>*Acacia mearnsii* | S | 3,0 | Of 1,5 % oplossing. Spuit wattels tot op die hoogte van 1 m (rugsakspuit). |
| Inkbossie<br>*Phytolacca heptandra* | S | | Of 1,5% oplossing (rugsakspuit). |
| Kraaldoring<br>*Caesalpinea decapetula* | S | | Of 1,5% oplossing (rugsakspuit). |
| Tongblaar<br>*Plantago lanceolata* | VL | | Dien toe voor blomstadium. |
| Sesbania<br>*Sesbania punicea* | VL | | Dien 'n 1,5 % oplossing toe op saailing plante tot 1 m hoog. Groot plante het 'n 2,0 % oplossing nodig. Vir hoë plante en bome kap terug en spuit hergroei met 'n 1,5–2,0 % oplossing. |
| Kiesieblaar<br>*Malva parviflora* | VL | | Dien toe voor blomstadium. |
| Steenboksuring<br>*Rumex spp* | VL | | Dien toe voor blomstadium. |
| Johnsongras<br>*Sorghum halepense* | S/H | 4,0 | Of 1,5 % oplossing. Bespuit hergroei met 3 _/ha of 'n 1,5 % oplossing. |
| Kikoejoe<br>*Pennisetum clandestinum** | S | | Dien toe gedurende aktiewe groei in somer. Bespuit hergroei met 3 _/ha of 'n 1,5 % oplossing. |
| Nassella polgras<br>*Nassella trichotoma* | W | | Dien toe in 'n 400 _/ha mengsel as 'n hoë volume bespuiting. Spuit hergroei in die vroeë lente met 'n 2 % oplossing (kolbehandeling). |
| Brame<br>*Rubus spp* | S/H | 6,0 | Of bespuit met 'n 3 % oplossing (rugsakspuit) of 4 % oplossing (newelblaser). |
| Buffelsgras<br>*Panicum maximum* | S | | Volg op met 3 _/ha of 'n 1,5 % oplossing indien hergroei sou plaasvind. |
| Bosbuffelgras<br>*Setaria megaphylla* | S/H | | Of bespuit met 'n 3 % oplossing (rugsakspuit) of 4 % oplossing (newelblaser). |
| Kweek<br>*Cynodon dactylon** | S/H | | Dien toe gedurende herfs en volg op in die somer met 4 l/ha of 'n 2,0 % oplossing indien aktiewe hergroei sou plaasvind of spuit gedurende somer en volg enige hergroei op in die herfs. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Fluitjiesriet<br>*Phragmites australis* | H | 6,0 | Of bespuit met 'n 3 % oplossing (rugsakspuit) of 4 % oplossing (newelblaser). Dien toe by die 20–30 % blomstadium. Hergroei moet afgekap word en die daarop-volgende hergroei behandel word by ± 45 cm hoogte. |
| Polpaspalum<br>*Paspalum dilatatum* | S/H | | Dien toe gedurende blomstadium voor saadrypwording. Volg op met 3 ℓ/ha of 'n 1,5 % oplossing indien hergroei sou plaasvind. |
| Akkerwinde<br>*Convolvulus arvensis* | S | | Dien toe sodra plant begin blom. Volg op met 'n 1,5 % oplossing indien hergroei sou plaasvind. |
| Gewone lantana<br>*Lantana camara* | S/H | | Of bespuit met 'n 3 % oplossing (rugsakspuit) of 4 % oplossing (newelblaser). |
| Rooiuintjie<br>*Cyperus rotundus* | S | | Dien toe gedurende blom (slegs in vrugteboorde). Spuit hergroei met 3 ℓ/ha of gebruik 'n 1,5 % oplossing as kolbespuiting (Februarie/Maart). |
| Geeluintjie<br>*Cyperus esculentus* | S | | Dien toe gedurende blom (sleg in vrugteboorde).<br>Spuit hergroei met 3 _/ha of gebruik 'n 1,5 % oplossing as kolbespuiting (Februarie/Maart). |
| Kweekpaspalum<br>*Paspalum paspaloides* | S | 8,0 | Dien toe gedurende blomstadium voor saadrypwording.<br>Spuit hergroei of nuwe groei met 4 _/ha of 2 % oplossing (rugsakspuit). |
| Eupatorium<br>*Chromolaena odorata* | S/H | | Gevestigde plante moet teruggekap word en toegelaat om te hergroei van 50 – 120 cm. Bespuit teen 1,0 l/100 _ spuitvolume (1,0 %) om 'n eweredige druppelbedekking op die blare te gee. Plante met meer as een stam wat afgekap is mag 'n opvolgbehandeling benodig. |
| Turksvye<br>*Opuntia ficus-indic*a | | | Dien 2 m l van 'n 33 % **FARMAG GLYPHOSATE** 360 oplossing in elk van 4 – 12 voorafgeboorde gate in die stam van bome met 20 tot 250 blaaie (raadpleeg asseblief u verteenwoordiger vir meer besonderhede). |

**Industriële gebruike en gebiede nie onder gewasverbouing nie:** In die algemeen sal 6 – 10 l/ha beheer gee van die meeste eenjarige en meerjarige onkruid. Vir enige hergroei wat mag voorkom, gebruik 'n kolbespuiting met 'n 1,5 % oplossing. Vir spesifieke onkruide verwys na die tabel hierbo.

**Spesifieke gewasaanbevelings:** Voorkom spuit- of sproeinewelkontak met blare, groen- en jong bas van stamme, asook vrugte. Spuitkontak met volwasse bas op die hoofstam sal nie skade tot gevolg hê nie. 'n Periode van ten minste 10 dae na snoei, of verwydering van laaghangende takke en jong uitlopers moet toegelaat word, alvorens onkruide in meerjarige gewasse met **FARMAG GLYPHOSATE 360** bespuit word.

| GEWAS | DOSIS ℓ/ha | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| Appels, Appelkose,<br>Avokados,<br>Piesangs, Sitrus,<br>Koejawels, Mangos,<br>Nektariene,<br>Perskes,<br>Pere, Pruime,<br>Pruimedante. | **Eenjarige onkruid**<br>1,0 – 3,0 ℓ/ha<br>**Meerjarige onkruid**<br>Sien spesifieke dosis<br>in die bostaande tabel. | **Dosis:** Gebruik die hoër aanbeveling op volwasse onkruide.<br>**Jong boompies met groen bas (jonger as 4 jaar):** Beskerm die stamme teen sproeikontak.<br>**Piesangs:** beskerm jong uitlopers en groen stamme teen sproeikontak. Toedienings kan in kwekerye en op volwasse plante gemaak word. |
| Sagtevrugte en wingerd | **Somerreënvalgebied**<br>**Eenjarige onkruid**<br>1,0 – 3,0 ℓ/ha<br>Meerjarige onkruid<br>Sien spesifieke dosis<br>in die bostaande tabel.<br><br>**Winterreënvalgebied**<br>**Eenjarige onkruide**<br>Sien bo<br><br>**Meerjarige onkruide**<br>9,0 ℓ/ha<br>9,0 ℓ/ha<br>4,0 ℓ/ha | **Dosis:** Gebruik die hoër aanbeveling op volwasse onkruide.<br>**Jong boompies met groen bas** beskerm die stamme teen sproeikontak.<br>**Wingerd:** dien alleenlik op wingerd toe wat meer as 2 jaar oud is. Dien toe as 'n gerigte bespuiting voor bot.<br><br>**Vir bosstok en laag opgelynde wingerde onder 60 cm hoog:** dien toe in die herfs voor bot.<br><br>*Paspalum paspaloides* (Kweekpaspalum)<br>*Cynodon dactylon* (Kweek)<br>Pennissetum clandestinum (Kikuyu)<br>Vir meerjarige onkruidbeheer in die winterreënvalgebied, dien in die herfs na 75 % natuurlike blaarval en voor die eerste ryp toe. |
| Beboubare grond voor plant van gewas Bosbou | **Eenjarige onkruid**<br>1,0 – 3,0 ℓ/ha<br><br>**Meerjarige onkruid**<br>Sien aanbevelings vir spesifieke onkruid<br>soorte. | Gebruik **FARMAG GLYPHOSATE 360** na oes van vorige gewas en vooropkom van opvolggewas.<br><br>**Dosis:** gebruik die hoër aanbevelings op eenjarige onkruide ouer as die 12 blaarstadium.<br>Vir Conyza spp (skraalhans) spuit 2 – 3 _/ha. Gebruik die hoër dosis op goed gevestigde plante.<br><br>Vir die vestiging van vuurbane (heelvuurbaan of brandstroke). Brandstroke in natuurlike veld. Hervestiging van wattel.<br>Beheer van probleemonkruide. |
| Suikerriet uitroeiing<br>(minimum bewerking) | 8,0 -10,0 ℓ/ha<br><br>10 % oplossing<br><br>2 % oplossing | **FARMAG GLYPHOSATE 360** sal die laaste opslagsuikerriet uitroei na oes. Wag ot die suikerriet 45 cm uitgegroei het voordat dit behandel word met **FARMAG GLYPHOSATE 360**. Spuit aktief-groeiende suikerriet na uitstoeling teen 100 – 400 l water/ha. Enige hergroei kan met die hand verwyder word. Kontak u verspreider vir besonderhede oor alle aspekte van mimimum bewerking voor 'n **FARMAG GLYPHOSATE 360** bespuiting.<br><br>Vir die uitgroeiing van roesbesmette- en afwyktipe suikerrietstoele. Dien as 'n gerigte bespuiting op die teikenplante toe.<br>Vir kolbespuiting rondom landerye, telefoonpale ens. |

FARM·AG

# GLYPHOSATE 360

Reg. No. / Nr L4774 Act No. 36 of 1947/ Wet Nr 36 van 1947

## HERBICIDE

**READ THE LABEL AND ATTACHED PACKAGED LEAFLET BEFORE USE**
**KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

| HRAC HERBICIDE GROUP CODE | 9 | HRAC ONKRUIDDODERGROEP KODE |
|---|---|---|

A non-selective post-emergence herbicide for annual and perennial weeds as indicated on the label.

'n Nie-selektiewe sistemiese naopkomonkruiddoder oplossing vir die beheer van eenjarige en meerjarige onkruide soos op etiket aangedui.

**ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL:**

Glyphosate (isopropylamine salt)..............................360 g/ℓ.........................Glifosaat (isopropielamiensout)

**DANGER**

**Hazard Statements:**
May be harmful if swallowed.
Causes severe skin burns and eye damage.
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

**Precautionary Statements:**
IF SWALLOWED: Call a poison center or doctor if you feel unwell.
Rinse mouth.
Do NOT induce vomiting.
IF ON SKIN (or hair): Take off immediately all contaminated clothing.
Rinse skin with water/shower.
IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes.
Immediately call a poison center or doctor.

Batch No:
D.O.M:
D.O.E:
Net Mass:
See reverse of packaging for details.

FOR FULL PARTICULARS SEE ATTACHED PAMPHLET.
VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE KYK AANGEHEGTE ETIKET.

**UN No. / VR Nr: 3082**

**Poison Information Helpline (24 hrs): 0861 555 777**

FARM·AG
**REGISTRATION HOLDER/ REGISTRASIEHOUER**
Castle Ag-Chem (Pty) Ltd.
Reg. Nr.: 2007/033120/07
PO Box 1523, Durban, 4000
Tel: 031 003 3486

BARCODE

100533